Stella straat

Eksodus 32:9-14

"Verander gebed die toekoms?"



Tuis-Adoramus 11 Oktober 2020

– geskryf deur Willem Nicol

Tema: "Verander gebed die toekoms?"

Teks: Eksodus 32:9-14

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,
Willem, Anton, Tienie en Fay

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

ONS LUISTER

O Lord, hear my prayer … (lied uit Taizé).

https://www.youtube.com/watch?v=LKyU5BIlxc0

Hulle herhaal die kort lied vir 'n hele paar minute. Luister daarna tot dit in jou hart ingekruip het.

VRAAG VIR NADENKE

Toe Andrew Murray al in sy tagtigs was, het hy na Johannesburg gekom vir 'n diensreeks. Hy het by my pa oorgebly. My pa het dit verwag, en toe gebeur dit: Sodra hulle gaan sit vir tee, vra

Murray op sy halwe Hollands: *"Nicol, hoe gaat het met je geestelijke leven?"* My pa antwoord: *"Nie te sleg nie, doktor, maar ek sou graag wou hê dit moet vir my meer 'n werklikheid wees."* Murray antwoord*: "As jy er meer gebruik van maken, sal het wel voor jou een werkliijkheid worden."*
Hy het veral gebed bedoel. Hoeveel maak ek "gebruik" van gebed in my lewe?

ONS BID in die woorde van lied 278.
(As ons *vrede* vra, bid ons om die volle rykdom wat God gee, ook vir nou.)

Hoor ons bid, o Heer;
hoor ons bid, o Heer.
Verhoor tog ons gebed
en gee ons vrede.

VRAAG

Dit is moontlik om te dink dat God se alwetendheid beteken dat Hy die toekoms ken en dat die toekoms dus vas is. Hoe dink my kop daaroor, en hoe voel my hart daaroor: Is die toekoms vas of oop? Is die volgende deel van my ervaring of nie?: Gebed wat ek werklik bedoel, is nooit verniet nie.

ONS LEES

Eksodus 32:9-14 (verkort):
Verder het die Here vir Moses gesê: "Ek het gesien dat dit 'n opstandige volk is hierdie.
Moet My nie probeer keer nie. Ek is toornig op my volk en Ek wil hulle vernietig."
Maar Moses het by die Here sy God gepleit en gesê: "Here, waarom is U toornig op u volk vir wie U deur u groot mag en met kragtige dade uit Egipte bevry het? Dink aan wat U met 'n eed beloof het aan u dienaars, aan Abraham, Isak en Israel." Toe het die Here daarvan afgesien om die ramp waarvan Hy gepraat het, oor sy volk te bring.

2 Konings 20:1-5 (verkort):

In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: "So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie." Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here.

Hy het bitterlik gehuil. Jesaja was nog nie die binneplein van die stad oor nie toe die woord van die Here tot hom kom en sê: "Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van my volk: So sê die Here, die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak."

GEDIG: *Vraagtekens en uitroepe (TT Cloete)*

As hulle prewelend sag lê en bid
tot God wat veraf
waar in sy heelal vir hulle luisterend afwagtend sit
of met nukleone bedrywig werskaf
moet hulle meeding om sy oor
moet hulle hulle verbaas
dat Hy hulle hoor
tussen slapers se snork en die geogeraas.

Hy kan hulle hoor. Hy hoor
hulle op Woestalleen op die rusdag
sedig en ingetoë roep en verheerlik in die kerk
waar Hy ywerig veraf lag-lag
in wentelende gasmassas aan die werk
is onverstoor.

ONS LUISTER

Leer ons bidden: https://www.youtube.com/watch?v=XMa2M3AJ990

ONS LUISTER NA DIE DRINGENDE UITNODIGING UIT JESUS SE MOND

Matteus 7:7-8

Vra, en vir julle sal gegee word;

soek, en julle sal kry;

klop, en vir julle sal oopgemaak word,

want elkeen wat vra, ontvang;

en elkeen wat soek, kry;

en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

MEDITASIE OOR DIE DRIE SKRIFGEDEELTES

GEBED

Ewige God, Gewer van alle goeie gawes,

vandag staan ons verleë voor U.

Ons het almal al klein en groot gebedsverhorings ervaar.

Ons lees vanaand u uitnodiging swart op wit en besef dat dit beteken dat U graag wil hê dat ons met ons versoeke na U kom.

Maar ons erken nou, HERE, ons bring ons behoeftes dikwels nie na U nie. Ons neig om op onsself of ander staat te maak.

Ons erken ook dat ons so selfgerig is dat ons nie onsself kan leer bid nie.

Daarom lê ons vanaand die volgende versoeke voor U:

- Vergewe ons ons swak geloof in hierdie opsig.
- Leer ons bid.

Ons vra dit op grond daarvan dat ons Here, Jesus Christus, die kontak met U vir ons oopgemaak het.

Amen.

GEBED UIT DIE LIEDBOEK

(Hierdie is woorde van Totius wat ons net so behou het)

Laat, Heer, u seën op ons daal,

u guns uit Sion ons bestraal!

U wat beveel en – dit geskied,

Wil, Heer, u seën oor ons gebied!

ONS ONTVANG DIE HERE SE GOEDHEID

Numeri 6:24-26

Die Here sal julle seën en julle beskerm;

die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!